
DEEL 114 | WEEK 17 | 29 APRIL 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# AFRIFORUM GRYP IN BY MUNISIPALE KANTORE

Heilbron se munisipaliteit doen nie eers die moeite om die tuine en parke rondom hulle eie kantore en stadsaal in stand te hou nie. Dit is hartseer dat die gemeenskap die area rondom 'n munisipale gebou moet skoonmaak. Die produktiwiteit van amptenare sal verseker aangespreek moet word.

AfriForum-tak van Heilbron wil 'n verskil maak en daarom is die park langs die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit op 25 April skoongemaak, sowel as die area rondom hierdie munisipale gebou en so ook die dorp se biblioteek. Die toestand van hierdie perseel het ondraaglik geraak vir die inwoners, daarom is daar ingespring en die gras is gesny, beddings is netjies gemaak en die bome is skoongesny. Verlede week is die oop area oorkant die munisipaliteit opgeruim.

“ 'n Munisipale amptenaar het vir my gesê dat Francis Moeketsi, die bestuurder in Heilbron wat tans met verlof is, baie bly is dat ons hulle gras sny, maar ek is egter glad nie ingenome daarmee nie. Ons het 'n skrywe aan hom gerig waarin ons verduidelik dat ons die onkoste van hom sal verhaal as hulle nie hul werk begin doen en die dorp in stand hou nie,” sê Gerrie Muller, voorsitter van die AfriForum Heilbron-tak.

Die tak het verlede week ook die skoonmaakprojek by die dorp se ingang vanaf Petrus Steyn voltooi. Hierdie projek maak 'n groot verskil en die gemeenskap sien die werk raak wat gedoen word. Die gemeenskap het ook donasies gemaak en self hand bygesit om die dorp te verfraai, want projekte soos dié maak hulle weer trots op hul dorp. Die hoof van die plaaslike gevangenis, Zacharia Moholo, het elke keer met 'n span gevangenes opgedaag wat fluks saamgewerk het.

Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, is dit lekker om die verskil in Heilbron te sien en die entoesiasme waarmee die takbestuur hierdie taak aanpak, steek die hele gemeenskap aan.



BALE TE KOOP

•Eragrostis nuwe seisoen
•Goed bemes
•Sal help met laai
•Sluit nie vervoer in nie, kan gereel word teen ekstra koste

3 bale @ R1000.00
360 bale beskikbaar!

KONTAK LEON
083 229 1964




FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae – Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451
BKB
www.bkb.co.za

# HEILBRON-TAK SPREEK BESTUURDER AAN OOR TOESTAND VAN OU BEGRAAFPLAAS

Die AfriForum-tak in Heilbron het op 22 April 'n prokureursbrief en 'n aanmaning aan Francis Moeketsi, die bestuurder in Heilbron, laat beteken. Dit het aan die lig gekom dat daar steeds afgestorwenes in die ou begraafplaas begrawe word, nadat dit reeds in 2007 as vol verklaar is. Moeketsi is ook deur die burgemeester van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, Victoria de Beer, belet om weer afgestorwenes in hierdie begraafplaas te begrawe, maar daarna is ten minste nog vier mense daar begrawe.

Afgestorwenes word tans in die bestaande paadjies, wat vir 'n spesifieke doel in die begraafplaas is, begrawe. Dit het tot gevolg dat die grafte wat mense jare gelede gekoop het ontoeganklik geword het, omdat 'n lykswa nie naby dié grafte kan stilhou nie. Met die baie reën gedurende die afgelope reënseisoen het die konsentrasiekampgrafte ook oorstroom omdat die onwettige grafte walle vorm en die water nie kan wegvloei nie. Indien die munisipaliteit voortgaan om afgestorwenes onwettig in die begraafplaas te begrawe, sal verdere stappe teen hulle gedoen word.

"Ek het vir Moeketsi en De Beer gewaarsku dat ons regstappe sal neem as daar weer afgestorwenes onwettig begrawe word. Dit is ons plig om ons erfenis en geskiedenis te bewaar," sê Gerrie Muller, voorsitter van die Heilbron-tak.

Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, is dit onaanvaarbaar dat die begraafplaas so misbruik word en bestaande grafte geskend word.

"Daar is 'n nuwe begraafplaas wat gebruik kan word. Ons sal nie toelaat dat ons erfenis en geskiedenis so verwoes word nie," sluit Pretorius af.



*Afgestorwenes word in die paadjie begrawe.*



*Heilbron ou begraafplaas.*

# HEILBRON CLINIC - NEWS

## TB Awareness

**Know the signs of TB**

• Coughing for two weeks or more
• Sweating at night
• Loss of weight
• Loss of appetite
• Tiredness

If you have any of the above signs visit your nearest clinic for a FREE TB test and treatment

**If you have TB**

• Test for HIV
• TB is fully curable even if you are HIV-positive
• It does not mean you are HIV-positive

**TB & HIV**

If you are HIV-negative, you have a 10% chance to contract TB in your lifetime

If you are HIV-positive, there is a 10% chance every year, that you will contract TB

Early detection and treatment of TB help prolong the life of people with HIV or **AIDS**


If you are HIV-positive

HIV attacks the body's immune system and makes you more likely to contract infections. One of the common infections you can contract, is TB – therefore know the signs of TB.

• You should be regularly screened for TB at your nearest clinic
• TB in HIV-positive people, may be present outside the lungs
• TB is fully curable even if you are HIV-positive

**Healthy Living**

• Eat a balanced diet containing starch, proteins, vegetable and fruits
• Drink at least 8 glasses of water per day
• Exercise and be active
• Practice safe sex




# *Uit die pen:*



## WEEK 17 VAN 2022

Ek het al hier vertel van die koshuistannies: Tannie A het mos al die kos bymekaargeneuk, geklits en gaargekook, die ander tannie, tannie B, het alles met liefde voorberei. Selfs al sou hulle dieselfde kos en dieselfde resep volg, dit op dieselfde stoof en in dieselfde potte gaarmaak, sou tannie B se kos by verre lekkerder wees as tannie A se kos. Want die hoofbestanddeel van enige kos is liefde. Baie daarvan.

Maar laat ons mekaar nie om die bos lei nie: wanneer die skool 'n funksie aangebied het, het al die koshuistannies die heerlikste kos gemaak.

Met ons veelbesproke skoolfunksies en braaie het hulle uitgeblink. Wanneer dit tannie B se beurt was om die kos voor te berei, het sy elke keer iets anders probeer, terwyl tannie A gewoonlik broodrolletjies, paptert, aartappelslaai en uitpakslaai voorgesit het. Drie stysels, want daar is baie manne, was haar verskoning.

Kleintyd was ons huisgesin nie baie lief vir sop nie. My ma het altoos die oorskietkos bymekaar gegooi en dit met soppoeier gebind. My gryse ou pa het gewoonlik baie langtand daaraan geëet. Totdat my ma agtergekom het dat ons as kinders dit nie eet nie, omdat my gryse ou pa dit nie wou eet nie. My ma het haar stem dik gemaak en my pa goed laat verstaan dat dit moet eet, en dat dit ten minste moet lyk asof dit lekker is, want dan sal die kinders dit ook eet.

En toe kom pampoensop en biltongsop op my horison en jy kon my omkoop met 'n bakkie romerige sop. My rooikopsussie se een vriendin kon 'n groentesop maak met seker 'n emmer room in: so lekker en so ongesond.

Tannie A het dan ook altyd aangebied om die voorgereg vir enige formele funksie te maak. Of dit nou by die kerk of by die skool was: tannie A se sop was voorgereg. Maar tannie A het nie die volledige begrip van sop-as-voorgereg verstaan nie. Sy het dieselfde sop voorgesit as voorgereg, as hoofgereg en wanneer dit baie koud was.

Haar sop is gemaak van gesnipperde spinasie, gerasperde wortels, gerasperde aartappels, fyn uie, seldery en 'n knippie vleis. Natuurlik oorlaai met sout en baie peper. En dan, net vir die wis en die onwis, het sy 'n pak of twee grillerige spaghetti ingegooi. Daarna vir weke lank gekook totdat dit so bleek soos verlede week se badwater is.

Maar ons moes almal eers 'n bakkie bleek goeters kry voordat ons kon promoveer na die volgende dis. Gril-gril het ons dit ingesluk en uitgesien na die nagereg.

My pampoensop was (en is seker steeds) legendaries: daar kom 'n bietjie kerrie, komyn en lemoensap in. Die kerrie wil-wil net deurkom en die lemoensap gee dit so 'n nasmaak wat jou laat wonder wat presies so lekker proe.

Een jaar kry ek 'n groot sak gemaalde wildsvleis. Ek weet nie wat om daarmee te maak nie, en dit bly in my vrieskas. Totdat die Pinksterreeks begin.

Ons dorp kon vreeslik koud word, ek het al hier daarvan vertel. So koud dat dit jou smaak of jou gebeente bewe. 'n Koue wat nie eers deur sjerrie verdryf kon word nie.

Die diaken se vrou vra of ek een aan 'n kastrol sop vir die Pinksterdiens kan maak sodat daar iets warms is om na afloop van die erediens te eet. Sekerlik, sê ek. Ek kan natuurlik daardie maalvleis daarvoor gebruik, dink ek. Die resep begin solank in my kop vorm aanneem.

Ek maak twee groot kastrolle sop. Ek kan nie onthou hoekom ek nie daardie aand by die kerk kon wees nie, seker maar as gevolg van ander skoolverpligtinge. Die diaken se vrou kom haal die sop by my.

Laat die aand kom lewer sy die twee skoongewaste kastrolle weer af: baie dankie vir die heerlike sop! Die mense het almal komplimente daarvoor gehad. Hulle praat van die geur en die besonderse tekstuur van die sop. Moet wees oor die tiemie, origanum en witpeper wees wat ek bygevoeg het, en ook die skeut Worcestershire sous. Moenie die knoffel vergeet nie! Ek is heel in my noppies daaroor.

Ek het nooit troeteldiere aangehou nie, want ek kon nie eers 'n potplant aan die lewe hou nie. Hoe sou ek honde en katte laat oorleef? So gebeur dit dat ek later die trotse eienaar word van 'n pragtige Alsatian en 'n ge-fokste Jack Russell. Laasgenoemde is my spesiale foksterriër-Jack Russell gebroedseltjie.

Ek gaan koop gereeld by die slaghuis vir hulle van die saagsels wat die slagter uit die masjien uitgrawe. Dan kry hulle pap met die heerlikste vleisies elke aand.

Wanneer die slagter vir my die groot sak vol saagsels gee, gooi ek dit net so in die vrieskas, gewoonlik omdat ek te lui is om dit in kleiner pakkies te verdeel. Baie voedsaam en baie goedkoop. Daar is in der waarheid niks fout met hierdie vleis nie. Die tekstuur is dalk net baie fyner as wat gewone maalvleis se tekstuur is, maar dit is silwerskoon. Dalk met toegevoegde kalsium en magnesium vanaf fyngemaalde bene, maar dis omtrent dit.

Ek onthou een aand van die sak maalvleis-saagsels wat in my vrieskas is: dalk moet ek dit solank uithaal sodat dit ontdooi. Ek kan die volgende dag sommer alles gaarmaak en in kleiner bakkies verpak, dink ek.

Ek ruk die vrieskas oop en bo-op lê die groot pak maalvleis-saagsels. Of so het ek gedink. Al wat ek sien is die wildsvleis. Geen maalvleis-saagsels nie.

En toe onthou ek.

Daardie Pinkstersop: ek het nooit die wildsmaalvleis daar ingegooi nie, dit was die hele sak vol saagsels!

G'n wonder ek kry komplimente oor die fyn tekstuur van die sop nie.

Wat my laat wonder het: as ek nou moes kompeteer teen tannie A met haar uie-wortel-aartappel-spinasie-sop, wie sou wen?

JCB
JOHNNY CLAASSEN BEMARKING BK
Vakature
VOORRAAD KONTROLE / ADMIN KLERK
**Werksure:** 7:30 tot 16:30 Maandae tot Vrydae
**Salaris:** Mededingende Pakket Onderhandelbaar
Die suksesvolle kandidaat se sleutel prestasie areas sal wees:
- Ontvang van fisiese voorraad, vergelyk met afleweringsnotas
- Daaglikse / weeklikse / maandelikse voorraad tellings
- Goeie rekenaarvaardighede, vertroud met Excel en Word
- Alle administratiewe funksies van die besigheid
- Vriendelike vinnige kliëntediens
- Uitstuur van rekeninge

**Vir hierdie doel word daar gesoek na aansoekers wat beskik oor:**
- Minimum Graad 12
- Kennis van Landbouprodukte
- Goeie kommunikasievaardighede

**Rig aansoeke aan:** johnny@claassenlandbou.co.za
**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 20 Mei 2022
**Diensaanvaarding:** 1 Augustus 2022

Aansoekers wat nie binne 14 dae na sluitingsdatum van ons verneem nie, moet asseblief aanvaar dat die aansoek onsuksesvol was.



VIR DIE KOOP, VERKOOP EN VERHURING VAN ALLE EIENDOMME
JH
JANSEN PROKUREURS
IENDOMME
Sel: 081 737 4691
PIERCESTRAAT 58 | POSBUS 890 | HEILBRON | 9650



EST. 2021
OJ'S Sandwiches
ON LONGMARKET
CALL US: 058 852 1319

**OJ'S RUEBEN SANDWICH ON SOURDOUGH PANINI**
*Originally* – Our home made pastrami, swiss cheese, sauerkraut, summer pickles, pickled cucumber and Russian dressing.

**DOUBLE CHEESE AND PESTO-MARINATED TOMATO ON SOURDOUGH PANINI** – Cheddar, swiss cheese, marinated tomato, red onion, basil pesto and greens.

**CHICKEN MAYO AND AVO ON SOURDOUGH PANINI**
– Tangy chicken mayo, avo, pickled red onion and greens.

**CLASSIC TRIPPLE TOASTED HICKORY HAM, CHEDDAR AND SWISS CHEESE TOASTIE ON WHITE OR BROWN BREAD** served with a mini fries

**CLASSIC TRIPPLE TANGY CHICKEN MAYO TOASTIE ON WHITE OR BROWN BREAD** served with a mini fries

MON-TUE - CLOSED • WED-THUR - 10:00-21:00 • FRI-SAT - 10:00-22:00 • SUN - 10:00-17:00



POSTNET 2 DOOR
FROM OUR STORE TO ANY STREET ADDRESS
058 853 0006
064 988 6078
heilbron@postnet.co.za
POSTNET HEILBRON



CNC PLASMA SNYWERK
EJ STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION
NOU OP JOU DRUMPEL
• SAGTESTAAL SNY TOT 30MM DIKTE
• STAINLESS & ALUMINIUM SNY TOT 20MM DIKTE
• BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR
YOUR BOILERMAKING SOLUTION IN STAINLESS & MILDSTEEL
STAINLESS STEEL
Jaco Swart : 082 392 9819 | jaco@ejsm.co.za
Martin Swart : 082 389 7961 | martin@ejsm.co.za
Eddie Swart : 082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za
P.O.Box 2 | Small Holdings No. 5 | Highlands | Heilbron,9650

# VYF DOOD IN BOTSING




Vrydagmiddag is vyf mense in 'n kop-aan-kop botsing tussen 'n vragmotor en 'n wit Etios motorvoertuig op die R57, ongeveer 15 km buite Heilbron, oorlede. ER24 en ander nooddienste het om 13:45 opgedaag waar die vragmotor en ligte motorvoertuig aan die kant van die pad gestaan het.

Die lyke van drie vroue en twee mans was in die motor vasgekeer. Ongelukkig kon niks vir hulle gedoen word nie, en hulle is op die toneel dood verklaar. Die bestuurder en passasier van die vragmotor het gelukkig beserings vrygespring. Plaaslike owerhede was op die toneel vir verdere ondersoek.

Heilbron-polisie vra die gemeenskap om die liggame van drie mense betrokke in die ongeluk te identifiseer. Die bestuurder en een vrou is geïdentifiseer. Een man ('n Lesotho-burger) en twee vroue is nog nie geïdentifiseer nie. Enigiemand wat enige inligting het, kontak lt.kolonel Mosiuoa Mokhethi by 082 525 2303.

# VAALDAM VLAKKE



*Die Departement van Water en Sanitasie het Maandag aangekondig dat twee van die agt sluise by die Vaaldam weer toegemaak is nadat watervlakke begin afneem het. Teen druktyd was daar steeds 6 sluise oop en het die dam op 110% kapasiteit gestaan.*

# WAARSKUWINGSLIGTE FLIKKER

Daar is Maandag 'n beroep op Suid-Afrikaners gedoen om hul kragverbruik te verminder om die moontlikheid van beurtkrag te voorkom. Volgens die kragreus Eskom is die kragstelsel erg onder druk weens die vertraging in die terugkeer van eenhede na diens en die verlies van veelvuldige opwekkingseenhede. Soos gewoonlik word mense gewaarsku dat beurtkrag op kort kennisgewing ingestel kan word indien die situasie versleg.






COVID-19 OORSIG

| Munisipale Area | Dorp | 1 April '22 | 25 April '22 |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 10 278 | 10 410 |
| | Deneysville | 838 | 845 |
| | Oranjeville | 244 | 244 |
| MOQHAKA | Kroonstad | 7537 | 7549 |
| | Viljoenskroon | 1137 | 1137 |
| | Steynsrus | 204 | 204 |
| NGWATHE | Parys | 2936 | 2945 |
| | Heilbron | 1478 | 1484 |
| | Koppies | 1354 | 1362 |
| | Edenville | 207 | 207 |
| | Vredefort | 395 | 396 |
| MAFUBE | Frankfort | 1839 | 1844 |
| | Villiers | 650 | 657 |
| | Cornelia | 162 | 165 |
| | Tweeling | 379 | 379 |
| TOTAL | | 29 638 | 29 828 |

Betrekking
Gemeenskapsjoernalis/Bemarker
Joernaliste moet deesdae baie weet – hulle moet dink hoe hulle 'n storie op verskillende platforms kan vertel. Dit beteken hulle moet vertroud wees met tegnologie. Hulle moet kan foto's neem, video-opnames maak vir aanlyn verslaggewing, en sosiale media kan gebruik om stories te versprei. Joernaliste vertel vir mense wat in die wêreld gebeur, oor dinge wat saak maak. Hulle ondersoek geleenthede en ontwikkel stories deur inligting in te samel met onderhoude, navorsing en waarneming. Die mediawêreld het in die laaste jare dramaties verander en verander steeds. Daar is 'n toenemende behoefte aan gemeenskapsnuus.
Heilbron Herald beskik tans oor 'n vakature vir 'n Gemeenskapsjoernalis/bemarker.
Diensaanvaarding so spoedig moontlik.
Stuur jou CV na: john@heilbron.co.za



POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

# HOMOPAAT OPEN PRAKTYK IN HEILBRON

Ek, Joanita Steenkamp is in Vereeniging gebore en getoë en het van kleins af daarvan gehou om 'n merkbare verskil in die omgewing en mense se lewens te maak. Ná skool gaan studeer ek by die Noordwes-Universiteit en in 2015 verwerf ek my B.Sc. graad in Omgewings- en Biologiese Wetenskappe. My studies lei daartoe dat ek 'n spesiale belangstelling in muskuloskeletale en outo-immuun kondisies ontwikkel en ek besluit om my nagraadse studies aan die Universiteit van Johannesburg voort te sit. In 2020 trou ek met my beste maat en sielsgenoot en kom vestig ek myself in Heilbron. Dié jaar verwerf ek my Meestersgraad in Homopatie en ons gesin word ook 'n pienkvoet ryker. Met my passie vir geneeskunde streef ek daarna om algemene siektetoestande te voorkom deur verbeterde lewenswyses aan te wakker. Ek is 'n sportvrou wat die buitelewe saam met my man en seuntjie in ons vryetyd geniet en glo dat balans die kruks van 'n gesonde liggaam en siel is.



# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
**Surname:** TERLOUW
**First names:** ISABELLA FREDERIKA
**Estate number:** 002971/2022
**Identity/passport number:** 401127 0030 086
**Date of death:** 6/11/2021
**Last address:** Erf 41, Koppies, 9540
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650, FREE STATE**
**aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

Form J 193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated0 from date of publication hereof.
NOTICE OF LANGUAGE: **English**
PROVINCE: **Free State**
ESTATE NUMBER: **824/2022**
SURNAME: **Labuschagne**
FIRST NAMES: **Anna Petronella**
DATE OF BIRTH: **1932-02-07**
ID NUMBER: **320207 0035 083**
LAST ADDRESS: 23 **Groenewald Street, PETRUS STEYN**
DATE OF DEATH: **2021-01-14**
MASTER'S OFFICE: **Bloemfontein**
**NAME OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**Frans Johannes Kapp**
**ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**Yorkweg 1A, WAVERLEY**
**P.O. Box 2104**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**ADVERTISER NAME: WESSELS & SMITH**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**Yorkweg 1A, WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN**
**ADVERTISER E-MAIL:**
**bloemwess@internext.co.za**
**Date Submitted: 2022-04-04**
**Advertiser Telephone: 051 436 1209**
**For publication in the Government Gazette on: 2022.04.29**

Form J 193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated0 from date of publication hereof.
NOTICE OF LANGUAGE: **English**
PROVINCE: **Free State**
ESTATE NUMBER: **4189/2021**
SURNAME: **Beukes**
FIRST NAMES: **Elizabeth Christina**
DATE OF BIRTH: **1924-12-31**
ID NUMBER: **241231 0021 089**
LAST ADDRESS: **Huis Silwerjare, PETRUS STEYN**
DATE OF DEATH: **2021-01-14**
MASTER'S OFFICE: **Bloemfontein**
**NAME OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**Frans Johannes Kapp**
**ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**Yorkweg 1A, WAVERLEY**
**P.O. Box 2104**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**ADVERTISER NAME: WESSELS & SMITH**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**Yorkweg 1A, WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN**
**ADVERTISER E-MAIL:**
**bloemwess@internext.co.za**
**Date Submitted: 2022-04-04**
**Advertiser Telephone: 051 436 1209**
**For publication in the Government Gazette on: 2022.04.29**

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

### BLOEDSKENK DATUMS - 2022

Save life Give blood

**24 Mei**
**26 Julie**
**27 September**
**29 November**

## NOTICE

Notice is hereby given that **GOITSIMODIMO FUNERAL HOME PTY LTD** will submit an application for a certificate of competency for the conduct of a **FUNERAL UNDERTAKER AT NO. 73 STEIL STREET, HEILBRON, 9650.**

Any person who will be affected by such **FUNERAL UNDERTAKER PREMISE,** wish to object such use shall lodge an objection accompanied by written motivation within (21) days after the date of this notice to Municipal Services.
**FEZILE DABI DISTRICT MUNICIPAL**
**P.O. BOX 10**
**SASOLBURG, 1947**
**ATT: MR ANDRE VAN ZYL**
**CONTACT NR.: 056 931 0210**

# SUDUKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 3 | | | | | | | |
| | | | 1 | 9 | 5 | | | |
| | | 8 | | | | | 6 | |
| 8 | | | | 6 | | | | |
| 4 | | | 8 | | | | | 1 |
| | | | | 2 | | | | |
| | 6 | | | | | 2 | 8 | |
| | | | 4 | 1 | 9 | | | 5 |
| | | | | | | | 7 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | | | | 2 | | |
| | 3 | | | | | | 4 | |
| 5 | | | | 3 | | | | 6 |
| | | | 1 | | 7 | | | |
| | 4 | | | | | | 8 | |
| | | | 9 | | 2 | | | |
| 3 | | | | | | | | 8 |
| | 6 | | | 5 | | | 3 | |
| | | 2 | | | | 7 | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

### POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE:
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 | HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

### Buy-a-Bale

**Make Your Own Cash!**




**BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!**
Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769
**Call SYDNEY now!**
**072 885 1999**
sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za
WE DELIVER COUNTRY WIDE
**OVERCOATS**

# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

### Andries Muller

Muller Draaiwerke
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

### HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

Wessenraal

### POSTNET HEILBRON

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za




# SMALLS

# EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

### WINKELURE

**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

### BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# HERALD *Sport*




KENNISGEWING
GOTTENBURG/SLOOTKRAAL
BRANDBESKERMINGS-
VERENIGING

NEEM KENNIS VAN DIE
JAAR-
VERGADERING VAN
GOTTENBURG/
SLOOTKRAAL
BRANDBESKERMINGS-
VERENIGING
vergadering wat gehou sal word.
DATUM: 4 MEI 2022
TYD: 14:00
PLEK: BOERESAAL
BY HEILBRON
GHOLF KLUB
Alle lede word vriendelik
versoek om die
vergadering asb. by te woon.
Belangrike besluite moet
geneem word rakende die
bestuur, koördinering en
administrasie.
Navrae:
Marais Breytenbach:
079 874 8849 of
Elsabé Engelbrecht:
082 308 6797

GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support
Technology without the headache!







L&T BOERDERY Since 1999
BETREKKING – ONDERDELE/STOORMANKLERK
L&T Boerdery het tans 'n vakature vir 'n Onderdele/Stoorman klerk.
Daar sal van die persoon verwag word om voorraad in die onderdele stoor te kontroleer en bestel van onderdele te behartig.
- Baie goeie rekenaarvaardigheid in MS Excel, Word en Outlook
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê en saam in 'n span te werk
- Goeie kommunikasievaardigheid in beide Afrikaans en Engels
Slegs kandidate wat aan die nodige vereistes voldoen se aansoeke sal oorweeg word. Diensaanvaarding: Soos ooreengekom
STUUR VOLLEDIGE CV AAN:
ltboerdery@yahoo.com

L&T BOERDERY Since 1999
BETREKKING – SWEISER
L&T Boerdery het tans 'n vakature vir 'n Sweiser.
Die volgende vereistes word gestel:
- Ondervinding in beide CO2 en Arc Welding is noodsaaklik
- Beskik oor 'n geldige kode 8 lisensie
- Die geskikte kandidaat moet hardwerkend wees en verantwoordelikheid kan neem
- Na-ure en naweek werk is ook 'n vereiste
Slegs kandidate wat aan die nodige vereistes voldoen se aansoeke sal oorweeg word. Diensaanvaarding: Soos ooreengekom
STUUR VOLLEDIGE CV AAN:
ltboerdery@yahoo.com

# NEEM DEEL AAN NOORD-VRYSTAAT PARE




*Hannalie Claassen en Ronel du Plooy het verlede Saterdag aan die Noord-Vrystaat pare gaan deelneem. Die kompetisie was straf en goeie ondervinding is opgedoen. Twee van die Heilbron spanne het in Frankfort gaan speel en onderskeidelik derde en vierde geëindig. Verder is die verbeteringe op die baan klaar en word alle rolbalspelers uitgenooi om saam te speel.*




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 3 MEI 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

WOENSDAG - 4 MEI 2022
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

DONDERDAG - 5 MEI 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRYDAG - 6 MEI 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za